**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 0 4 3 | 9 8 0 9 0 3 2 4 6 | 8 | 8 9 2 3 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ........ P. 15 Dat. - 3 SEP 1998

# Regering lê sy hande op Sasria reserwes

## Versekeraars erg ontstoke

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's (Sasria) gaan in 'n openbare maatskappy omgeskep word, waarna die Regering as enigste aandeelhouer 'n deel van sy groot opgehoopte reserwes gaan afskep om die staatskuld te verminder.**

Dit blyk uit die Wetsontwerp op die Omskepping van Sasria wat gister in die Parlement ter tafel gelê is.

Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeraars wat lede van Sasria is, het vroeër hul misnoë met dié planne van die Regering uitgespreek en het 'n regspan aangestel om na maniere te kyk ingevolge waarvan die Regering verhinder kan word om op Sasria se reserwes beslag te lê.

Sasria, wat in 1979 gestig is om individue of maatskappye te verseker teen skade wat weens politieke onrus gely word, het tans opgehoopte reserwes van nagenoeg R10 miljard.

Die reserwes het dié hoë vlak bereik omdat skade weens politieke optrede ingrypend afgeneem het sedert die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994.

Eise het gevolglik ook skerp afgeneem.

### Nie belasting betaal

Sasria is ook nooit toegelaat om sy winste uit te keer aan die altesame 48 korttermyn-versekeringsgroepe wat tans lid van hom is nie.

Hy het eweneens nie belasting betaal nie.

Die reserwes is tans aansienlik meer as wat benodig word om normale versekeringseise na te kom.

Ingevolge die wetsontwerp sal Sasria, wat tans 'n maatskappy sonder winsbejag is, in 'n openbare maatskappy omgeskep word met die staat as enigste aanvanklike aandeelhouer.

Hy kry ingevolge die wetsontwerp die reg om later sy volle aandeelhouding of 'n deel daarvan aan die private sektor te verkoop.

Die Regering gaan binnekort ook nie meer as herversekeraar van Sasria optree nie. Hy het dié taak op hom geneem omdat private versekeraars destyds nie bereid was om self die risiko van politieke onluste te dra nie.

Sasria sal sy huidige monopolie in dié mark behou totdat die Wet op die Herversekering van Skade en Verliese herroep word.

Daar sal later bepaal word watter deel van sy reserwes teruggehou sal word sodat hy kan voortgaan met sy sake as versekeraar.

### Dividend aan staat

Daarna kan die Minister van Finansies die res van die reserwes in die vorm van 'n dividend aan die staat uitkeer sodat dit aangewend kan word om staatskuld te verminder.

Dit is nie bekend watter deel van die R10 miljard vir die vermindering van staatskuld aangewend sal word nie.

Die verwagting is dat dit tot R8 miljard kan bedra.

● Mnr. Mike Strydom, besturende direkteur van Sasria, het vroeër vanjaar aan SakeBurger gesê die groep sal net kan voortgaan met regstappe sodra hy weet wat die Regering se plan met die reserwes van sowat R10 miljard is.

Strydom wou nie sê hoe daar moontlik 'n regverdige verdeling van die reserwes kan wees nie.

Strydom was nie gister beskikbaar vir kommentaar ná die wetsontwerp ter tafel gelê is nie.

TREFWOORDE

1 Sake Burger
2 Parlement
3 uitspung
4 SASRIA
5 uitvanding
6 maatskappye
7 Reserwes
8 Belastings
9 skulde
10